
Riglyne vir die betaling van plaasvervangende vergoeding

Verwysingsnommer van hierdie dokument	RM0082
HEMIS-klassifikasie	
Doel	Om riglyne te voorsien vir die betaling van plaasvervangende vergoeding
Tipe dokument	Riglyne
Toeganklikheid	Algemeen (ekstern en intern)
Implementeringsdatum	Voor 2009
Hersieningsdatum/-frekwensie	Na gelang van die behoefte aan aanpassings
Vorige hersienings	Augustus 2009
Eienaar van hierdie riglyne	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel
Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie riglyne	Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne
Goedkeuringsdatum	Voor 2009
Goedgekeur deur	Menslike Hulpbronne
Sleutelwoorde	plaasvervangende vergoeding

Die kern van die riglyne

Om riglyne te voorsien vir die betaling van plaasvervangende vergoeding aan werknemers wat vir 'n langer tydperk in 'n US-kollega se pos of 'n vakature waarneem.

In geval van plaasvervanging waar die werksaamhede van 'n pos nie uitgevoer kan word nie omdat die bekleër van die pos met verlof is of die pos nie gevul is nie, behoort interne personeel die werk sonder bykomende vergoeding te behartig. Indien die omgewingshoof op grond van gemotiveerde versoeke toestemming vir die betaling van plaasvervangende vergoeding verleen, is sodanige vergoeding wél betaalbaar teen **60%** van die basisvergoedingsvlak (BVV) van die pos waarin plaasvervanging geskied.

Interne personeellede mag in geen stadium vir meer as 40% plaasvervanging vergoed word nie, ongeag die werklike werkaandeel wat hulle verrig of die getal poste waarin hulle waarneem.

Die volgende voorbeeld dien as illustrasie:

- Werknemer X (posvlak 9) neem vir vier maande waar in 'n kollega se pos (posvlak 8) terwyl sy met kraamverlof is.
- Die BVV vir posvlak 8 (soos in 2019) beloop R524 875, waarvan 'n maksimum van 60% (R314 925 per jaar, of R26 243 per maand) as plaasvervangende vergoeding betaalbaar is.
- Werknemer X mag dus 'n maksimum van R10 497 (40% van R26 243) per maand vir die vier maande ontvang.

1. Stawende dokumente

Itemnr.	Naam van dokument	Status <i>(bv. uitgewys, in die proses, of goedgekeur)</i>
	Geen	

2. Verbandhoudende dokumente

Itemnr.	Naam van dokument	Status <i>(bv. uitgewys, in die proses, of goedgekeur)</i>
	Geen	